

Donderdag 11 Junie

Skrifgedeelte: Handeling 5:1-16

Fokusgedeelte: Handeling 5:14

Buitengewone kerklike tug en seën op aanslag van binne die gemeente

Waar God se werk geseënd groei, is Satan bedrywig. Dit sien ons uit die optrede en antwoorde van Ananias en Saffira in die eerste gemeente. Hulle lieg gesamentlik en afsonderlik vir die Heilige Gees. Wat die sonde ernstiger maak, is dat hulle die indruk wek dat hulle onder leiding van die Heilige Gees hierdie daad in liefde doen, terwyl hulle in werklikheid die Gees deur hulle sonde bedrieg om daardeur vir hulleself eer te verkry. So dring Satan in die eerste gemeente in en word die werk van die Gees gediskrediteer. Beide sterf in sonde en word begrawe.

Die straf van die Here vir die huigelary van Ananias en Saffira veroorsaak skokgolwe binne sowel as buite die gemeente. Die gemeente besef dat die besit van die Gees 'n baie groot voorreg maar net so 'n groot verantwoordelikheid is. Hulle hou steeds gereelde byeenkomste in die ruim Pilaargang van Salomo in die tempelkompleks. Die apostels doen weer wonders en tekens, en sit sodoende die werk van Christus voort. Die eendrag bly voortbestaan – as vrug van die Gees. Die skeiding tussen die gemeente en omringende Joodse wêreld word algaande duideliker.

“Moenie streng optree nie, dan verstrooi jy mense! Moet tog niemand seermaak nie!” is 'n redenasie wat vandag dikwels gehoor word. Uit hierdie gedeelte leer ons egter dat die tug 'n liefdesmiddel is om mense tot berou en bekering te bring.

Die tug van die Here het 'n seënryke uitwerking.

Sing: Psalm 86-1:6

Ds. S Hibbert (Simon) (Koster)